ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Februarie / February 2021

# NUWEJAARSBOODSKAP: 2021

Ek is seker daarvan dat ons almal graag 2020 sal wil vergeet. 2021 het uiteindelik aangebreek. Almal het vol hoop en verwagting uitgesien na 'n beter nuwe jaar. Net toe ons dink Covid-19 is min of meer onder beheer, toe tref die tweede golf ons land. Die nuwe jaar het voorwaar nie goed begin nie!

Ten spyte van dit wat alles rondom ons gebeur, mag ons nie toelaat dat dit ons negatief beïnvloed nie. Ons moet bly glo dat Covid-19 mettertyd die wyk sal neem en dat omstandighede weer na 'n nuwe vorm van normaal sal terugkeer.

Deur die basiese voorsorgmaatreëls na te kom, kan elke individu/inwoner 'n bydrae lewer om die verspreiding van die virus te verminder. Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om onsself en mede-inwoners in die landgoed teen die virus te beskerm. Die nuwe jaar sal egter van ons vereis dat ons aanpassings moet maak en situasies anders benader as in die verlede. Dit kan daartoe bydra dat nuwe geleenthede oor ons pad kom wat ons met albei hande moet aangryp. Ons moet aanhou voluit lewe!

Kom ons bemoedig mekaar waar nodig, behandel mede-inwoners met respek, waardigheid en hoflikheid, veral in hierdie tyd waarin ons leef.

"***Learn from yesterday, live for today, hope for tomorrow.***" – Albert Einstein

Voorspoed vir 2021 en bly asseblief veilig!

–Hansie Marais–Algemene Bestuurder

# NEW YEARS MESSAGE: 2021

I'm sure we would all love to forget 2020. 2021 finally arrived. Everyone was full of hope and expectation looking forward to a better new year. Just when we thought Covid-19 was more or less under control, then the second wave hit our country. The new year has truly not started well!

In spite of what is all happening around us, we may not allow circumstances to negatively affect us. We must continue to believe that Covid-19 will disappear over time and that circumstances will return to a new form of normal again.

By adhering to the basic provisional measures, each individual/resident can contribute to reducing the spread of the virus. Each of us has a responsibility to protect ourselves and fellow residents in the estate from the virus. However, the new year will require us to make adjustments and approach situations differently than in the past. This can contribute to new opportunities coming our way that we must grip with both hands. We must continue to live to the full!

Let us encourage each other where necessary, treat fellow residents with respect, dignity and courtesy, especially in this time in which we live.

"***Learn from yesterday, live for today, hope for tomorrow.***" – Albert Einstein

Prosperity for 2021 and please stay safe!

–Hansie Marais–General Manager

# Inligting tov EAL in ’n Neutedop

Elke eienaar het ’n Landgoed Leefstylgids ontvang na registrasie van die eenheid in sy naam. Hierdie leefstylgids bevat al die inligting tov hoe, wat, waar en wanneer wat nodig is vir ’n inwoner om sy voete te vind. Dit gebeur egter dat hierdie Leefstylgids nie deur eienaars aan huurders beskikbaar gestel word nie en hulle dus nie altyd kennis dra van beskikbare dienste ens nie. Daar verskyn ook gereeld artikels in die maandelikse nuusbrief tov reëls, dienste ens.

In hierdie nuusbrief sal die dienste kortliks genoem word:

1. Dienste wat deur **kontrakteurs** aangebied word.

- ’n Kontrakteur is in ’n diensvlakooreenkoms (SLA) met die Huiseienaarsvereniging (HEV) om ’n sekere diens te lewer aan die Landgoed. Hulle word vir ’n jaar tot 3-jaar tydperk aangestel en word betaal deur die HEV uit die maandelikse heffings.
- Hulle werknemers is in diens van die kontrakteur en die Landgoed kan nie aan hulle opdragte gee of inmeng met hulle werk nie. Hulle is in kontrak met die kontrakteur en word deur hulle betaal.
- Indien daar klagtes is oor die diens wat die werkers lewer, moet dit skriftelik aan die Algemene Bestuurder gerapporteer word, wat dit met die betrokke kontrakteur sal opvolg.

  1a. Kingdom Caterers–maaltydverskaffing.
  1b. La Vie Care Sorgsentrum.
  1c. Fidelity Security Services: Sekuriteit en Veiligheid.
  1d. D&S Maintenance Group: Tuindienste en vullisverwydering.

2. Dienste wat deur **operateurs** aangebied word:

- ’n Operateur is ook in ’n diensvlakooreenkoms met die HEV, maar hulle lewer dienste vir hulle eie gewin. Hulle personeel (as werknemers) is in hulle eie diens (as werkgewers).
- 2a. Silver Violet Studios vir haarversorging: Dinsdae tot Vrydae.
- 2b. Abundance@458 vir verskillende skoonheidsbehandelings.
- 2c. Wassery: Maandae tot Donderdae.
- 2d. Kiosk: Maandae tot Saterdae. Basiese kruideniersware en skoonmaakmiddels,Malva poeding, ens. Doen ook naaldwerkverstellings en droogskoonmaak.

3. Watter **gesondheidsdienste** word aangebied:

- Dokter [DD v Heerden] 1x per week per afspraak.
- Fisioterapeut per eie afspraak.
- Arbeidsterapeut per eie afspraak.
- Landgoed suster vir:
  bloeddruk, bloedglukose, wondsorg, ore uitspuit, cholesterol, ens.

4. Watter **dienste** is ingesluit by die maandelikse heffing:
- Waterverbruik.
- Tuindienste (grassny..) 1x per week.
- Vullisverwydering 2x per week.
- Elektriese omheining en straatligte.
- Maandelikse nuusbrief.
- Webwerf.

5.Watter **aanvullende dienste** is ingesluit vir woonstelle:
- Daaglikse vullisverwydering vanaf u woonstel (behalwe Sondae en vakansiedae).
- Trollies by hoofingange vir die vervoer van inkopies vanaf u motor tot by die woonstel.
- Twee onderdak stoepe vir ontspanning.



# Die swygsame vrou

Haar nuwejaarsvoorneme is om ’n wag voor haar mond te sit.
Haar lewe lank strewe sy daarna om die stil en misterieuse tipe te wees. Wens sy dat iemand haar net een keer sal beskryf as die swygsame vrou wat nooit haar naam krater maak nie, wat altyd iewers op die agtergrond is , soos strelende vioolmusiek by ’n troue. En wanneer sy later verdwyn, soos wat sy gekom het, geluidloos, wonder almal oor haar.
Wie is sy, waar kom sy vandaan, meer nog, was sy ooit hier of is sy ’n geheimsinnige skaduwee wat geruisloos deur die lewe beweeg?

Hoe gaan jy die nuwe jaar inbeweeg?
— As ’n swygsame vrou wat 'n wag voor haar mond sit?
Of as ’n “baie-prater” wat nie omgee dat ander mense seergemaak word met ondeurdagte skinderpraatjies nie?
— Gaan jy jou bemoei met dinge wat vreugde aan jou verskaf?

# February–the Month Of Love

The missing link in building relationships of intimacy and the asserting of love was found in the loving of oneself. The closeness, the interest that was allowed to be shared by each person we met seemed to be determined by the degree of self-love or lack of it.

We are never whole unless we are sharing ourselves with someone in friendship and love. Loving oneself is the beginning. Only those who love themselves can experience who they are and who others truly are.

Loving myself allows me to constantly increase my capacity and to be in rhythm with all kinds of loving relationships, to cherish my talents, my vitality, and to deal with all the feelings given to me by my Creator.

– Walter Rinder

# In gesprek met [25]: Piet en Adrie Jooste

Melk,verskriklik klein goggas en geloof.

Piet is gebore in 1941 te Bloemfontein uit 'n "Bloed Sap" familie – sy oom was privaatsekretaris van Generaal Jan Smuts. Skool in die Kaap, SACS, die oudste Hoërskool in Suid Afrika gestig 1829, na matriek Leër Gim, daarna Maties toe vir sy eerste graad, B.Sc Agric. Later gevolg met Honneurs, M.Sc, en Ph.D (Mikrobiologie)– almal by UOVS.

Tydens sy praktiese werk op 'n plaas in Brandfort loer hy oor die heining en sien 'n besondere mooi nooi, en "nature took its course", hy en Adrie (matriek Sentraal HS, Bloemfontein) is in 1965 in Brandfort getroud. Hulle verhuis na Pretoria waar Piet 'n navorser by die Navorsings Instituut vir Suiwelkunde gewerk het. In 1973 aanvaar Piet 'n pos by UOVS wat sy tuiste geword het tot sy aftrede in 1998 as Professor en Hoof van Dept Voedselwetenskap. Daarna vyf jaar by die Landbou Navorsings Raad te Irene tot sy tweede aftrede! Dit is gevolg met tien jaar as Navorsings Professor, Tshwane Instituut van Tegnologie, tot finale aftrede as Emeritus Professor in 2013.

Intussen het Adrie haar as sekretaresse bekwaam. Sy was drie en twintig jaar werksaam by UOVS in verskeie hoedanighede en departemente tot uiteindelik haar laaste 10jaar as sekretaresse vir die Hoof van die Department Voedselwetenskap. (Sien bo!) Toe hulle na Piet se aftrede van UOVS na Pretoria verhuis het, was sy vyf jaar Uitvoerende Sekretaresse van die Manhattan hotel, 'n familie-besigheid.

Gedurende sy loopbaan het Piet kongresse in agt en twintig lande bygewoon, studietoere in Australia en New Zealand afgelê, agt-en-negentig wetenskaplike publikasies geskryf asook nege hoofstukke in verskeie professionele handboeke bygedra. Hy het verskeie toekennings ontvang veral van die melk/suiwel bedryf. Twee bakterieë is na hom vernoem: Chryseobacterium joostei en Joostella marina. In 2015 is hy erken as Innoveerder van die Jaar deur TUT na aanleiding van 'n patent registrasie (Probiotiese Mageu).

Asof hy en Adrie nie besig genoeg was nie is hulle as gelowiges deurentyd sterk betrokke by die NG Kerk, beide in die kerk asook met uitreiking.

Adrie in besonder is lief vir skryf en skilder en het onder andere ses geestelike boeke gepubliseer en ook twee ander boeke, verslae en nuusbriewe vir gemeentes. Sy is tans besig om haar boeke in Engels te vertaal. Gesien Piet se handskrif (vermoedelik kon hy 'n dokter gewees het!) het Adrie deurentyds alles vir hom getik: verhandelinge, proefskrifte, toesprake ens. Intussen het Adrie geboorte aan twee seuns geskenk: Jacques, 'n mediese dokter tans woonagtig in Johannesburg, getroud met Carla en hulle het twee dogters. Gerhard is 'n argitek in Nelspruit.

Daar word nie kans gesien vir rustige aftrede nie. Piet bly betrokke op komitees in verband met sy vorige beroep. Die wetenskap bly steeds sy stokperdjie asook lees, terwyl Adrie nog tyd vind vir brei, hekel, waterverf, bybelstudie asook nog boeke skryf.



**Piet en Adrie Jooste**



**Pot met Azalea geskenk deur Glenda 133**



**Pot met Revoluta geskenk deur Rosie 1011**



**Pot met vetplante geskenk deur Magdel 1223**

# Wipstert straattuinjies
































Wilde Geelkeur
(Calpurnia aurea)

## REËNVAL
gemeet by die landgoed

| | |
|---|---|
| Oktober 2021 | 92 mm |
| November | 129 mm |
| Desember | 86 mm |
| Januarie 2021 | 70 mm |


*Thevetia peruviana*

Geel Oleander
(Thevetia)





Geel trompetbos
(Tecoma stans)

# Tuinplante: [1] Met Geel Blomme

## TUINBOOM

Die WILDE GEELKEUR (wild laburnum/Calpurnia aurea nr 219) is ’n gewilde inheemse immergroen boom tot 10m hoog en geskik vir aanplanting in ’n klein tuin. Met sy nie-aggressiewe wortelstelsel, netjiese groeiwyse en oop ronderige kroon laat hy genoeg lig deur sodat ons gras nie daaronder sal vrek nie. Sy ertjievormige geel blomme in trosse maak ’n besondere indruk en die boom blom reeds vanaf slegs een meter hoog. Die blomme word deur baie soorte insekte besoek, veral houtkapperbye. Die boom lyk mooi as dit gesnoei word om ’n hoofstamboom te vorm.

Die Wildegeelkeur kan matige ryp weerstaan en kan lang droogtetye oorleef. Snoei sal blomvorming bevorder en die boom is ’n vinnige groeier.

## GIFTIG

THEVETIA PERUVIANA (Geel oleander/Yellow oleander) voorheen T. nerii-folia, is afkomstig van Mexiko en die noordelike dele van Suid-Amerika en is ’n gewilde tuinplant in Suid-Afrika.

- Dit het pragtige geel trompetvormige blomme, en swart ryp sade. Die blomme, sade, blare en melksap is uiters giftig. Die blare en sade is al gebruik in selfmoordpogings, en gemaalde sade word gebruik as rotgif. Daar is al beweer dat 2 blare ’n kleuter se dood veroorsaak het.
- Simptome van vergiftiging sluit in: onreëlmatige hartklop; ’n abnormale stekerige tintelende gevoel in die vel en gesig; braking, maagpyn en diarree.

–(Poisonous plants of South Africa-Ben-Erik van Wyk…)

## INDRINGER

TECOMA STANS (Yellow bells/Geel trompetbos) is afkomstig uit Sentraal-en Suid-Amerika en was 'n gewilde tuinplant. Dit is immergroen struik/boom met pragtige trompetvormige geel blomme en plant voort deur steggies of saad. (Moenie verwar met Tecomaria Capensis of Kaapse Kanferfoelie wat 'n inheemse plant is met oranje trompetvormige blomme nie)

- Die Tecoma Stans kompeteer met inheemse struike en vervang dit selfs. Digte stande dui op verminderde watervloei en lae grondwater reserwes.
- Dit word nou geklassifiseer as 'n indringerplant onder Kategorie 1. Hierdie plante moet onmiddellik uitgehaal en vernietig word. Geen handeldryf in hierdie plante mag plaasvind nie, daarom sal jy dit nie te koop vind by ’n kwekery nie.

–(198 Invasive plant species-CARA (Conservation of Agriculture Resources Act 43 of 1983)

# COVID-19 Symptoms: Recap

Symptoms generally appear on the third day after infection.

**First phase**

- Body pain
- Eye strain /burning eyes
- Headache
- Vomiting
- Diarrhea
- Runny nose or nasal congestion
- Burning when urinating
- Feeling feverish
- Scuffed throat (sore throat)

**What to do at home:**

- Take action before the onset of fever
- Drink plenty of water to keep your throat moist and to help clear your lungs.
- Gargle with salt water
- Saline steam inhalation
- Take Vitamin C-1000mg/twice a day

**Second phase**

- Loss of taste and/or smell
- -Fatigue with minimal effort
- Chest pain (rib cage)
- Tightening of the chest
- Pain in the lower back (around kidney area)

**What to do at home:**

- Drink plenty of warm liquids
- Vitamin C-1000mg/3x day
- Vitamin D-5000IU/day
- Zink Picolinate-50mg/day
- Gargle with salt water
- Saline steam inhalation

**Third phase–healing**

- As above plus
- Avoid: dairy, sugar, grains and caffeine
- Drink ginger + turmeric tea
- Take raw honey + carob molasses
- Diet: vegetable juices + soups + fruits
- Walk as much as possible
- Sit in the sun 15-20 min daily

–(Dr Nida Mohsin: Keyes of Health)

**COVID-19 Statistieke Vir Suid Afrika**

| Datum | Infeksies | Dood |
|---|---|---|
| 31 Maart 2021: | 1 326 | 3 |
| 30 April: | 5 350 | 103 |
| 31 Mei: | 30 967 | 643 |
| 30 Junie: | 144 264 | 2 529 |
| 31 Julie: | 482 169 | 7 812 |
| 31 Augustus: | 625 056 | 14 028 |
| 30 September: | 672 572 | 16 667 |
| 31 Oktober: | 723 682 | 19 230 |
| 30 November: | 787 702 | 21 477 |
| 31 Desember: | 1 039 161 | 28 033 |
| 18 Januarie 2021: | 1 337 926 | 37 105 |

**Eldoraigne Aftree Landgoed Inwoners:**

- Ten einde uself en u mede-inwoners te beskerm, word inwoners dringend versoek om die Algemene Bestuurder ONMIDDELLIK in kennis te stel indien u positief getoets het vir Covid-19, en nie eers ’n paar dae te wag nie.
- Indien u ’n toets laat doen het en nog wag vir die uitslae, moet u asb solank self-isoleer




# TO LET




**BRONBERG RETIREMENT ESTATE**

1 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R7 100
2 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R7 900
2 Bedroom, 1 Bathroom ground floor from R8 900
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R11 000

**Karin Stelzer**
**082 879 1198**
karin@csirentals.co.za

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**

2 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R10 000
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R12 000
3 Bedroom, Study & 2 Bathroom simplex from R13 000

**Leatitia Ferreira**
**083 378 4510**
leatitia@csiproperties.co.za

**WE WILL MATCH YOUR NEEDS AND YOU WILL FALL IN LOVE**

CSi Sales Rentals Property Managemen
Trustworthy Property Solutions



## STAY SAFE DURING COVID-19
## ORDER FROM US ALL KIND OF THINGS

**CHEESE & EGGS**

| | |
|---|---|
| Cheddar Cheese | R 100.00/Kg |
| Mozzarella Cheese | R 110.00/Kg |
| Gouda Cheese | R 110.00/Kg |
| Eggs Tray Of 30 | R 45.00 |

**BRAAI WORS**

| | |
|---|---|
| Boerewors per Kg | R 100.00 |
| Sosatie wors per Kg | R 110.00 |

**BRAAI WOOD**

| | |
|---|---|
| Bosveld mix (25kg) | R 45.00 |
| Firelighters | R 20.00 |

**PIZZA, HASHBROWN, & PIES**

| | |
|---|---|
| 4x medium tomato based pizza with 300g grated cheese | R 80.00 |
| 6x hashbrowns | R 30.00 |
| 1 Dozen pies (mixed if you like) | R 200.00 |
| Pies, each | R 20.00 |

Cornish, steak &kidney, chicken & mushroom, beef & onion, feta & spinach, sausage rolls

**BISCUITS AND RUSKS**

| | |
|---|---|
| Nutty wheat (900g) | R 70.00 |
| Diabetic nutty wheat (900g) | R 75.00 |
| Mixed biscuit (1Kg) | R 75.00 |

PLEASE PLACE ORDERS ON TUESDAY BEFORE 18h00.
DELIVERY ON FRIDAY/SATURDAY BEFORE 13h00.
PRICES SUBJECT TO CHANGE WITHOUT NOTICE.

–CONTACT EUGENE 083 294 3559

# CSi

Sales
Rentals
Property Management

Trustworthy Property Solutions

**CSi Sales is currently recruiting motivated Sales Agents.**

Please send your CV to vacancies@csiproperties.co.za
or contact Bob on 083 325 5243 should you have any enquiries.

## ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE



1 1 1 Y N

**R900 000**

## ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE



3 2 2 Y Y

**R2,650,000**

## RIVERBEND ESTATE



3 2 2 Y Y

**R2 260 500 - DUPLEX**

## NINTH ON LEVER

**SECURITY COMPLEX**



2 2 2 Y Y

**R780 000**

## PARKLANDS ESTATE



**STAND FOR SALE FOR**
**R650 000**



RUAN ERASMUS
071 481 6199
RUAN@CSISALES.CO.ZA

DINEO RABOPAPE
084 079 7104
DINEO@CSISALES.CO.ZA

